Hoofstuk 38 - GEBEDE VIR AFGESTORWENES
(28.10.1840) HIM1.163

01] So, skryf aan die dorstiges na My Naam en vertel aan die hongeriges na My barmhartigheid dat Ek hulle opreg liefhet. En hulle moet net meer dikwels vra of Ek by hulle is.

02] Dan moet hulle sê, "O My allerliefste JaHshua, U My soetste Liefde, U My lewe, U My Bruidegom, ja, U My Alles, Alles, Alles - is U nog by My? Het U My nie verlaat nie? O My allerliefste JaHshua, sien in Genade aan, die hart van U arme geliefde, wat so sug van verlange na U, en in haar liefde alleen smag na U, o allersoetste JaHshua!"

03] En Ek sal dan in haar hart 'n soete antwoord plaas wat soos volg lui: "Sien My net aan in jou liefde, Ek voel gelukkig by jou en Ek het jou sy nog nooit verlaat nie, en My Hart sal vir ewig na jou gewend wees." Maar, bly jy ook getrou aan My, bly getrou aan jou geliefde JaHshua, wat jou voorheen liefgehad het met al die Krag van Sy Goddelikheid, nog voor die grondlegging van die wêreld!

04] En as sy hierdie dinge ondervind, kan sy ook reeds verseker wees dat Ek, as 'n roemryke Bruidegom, en saam met My die ewige Lewe, self digby haar is.

05] En dit vertel haar ook dat ware liefde 'n bietjie van 'n woordestryd moet wees - dit is hoekom Ek 'n bietjie met haar moet redetwis. Maar dit is as gevolg van My argumente dat sy haar dogters 'n bietjie te min tot My laat keer, en hulle daagliks baie vertel aangaande wêreldse dinge, **maar net min oor My praat**, of hulle van My laat vertel.

06] Want vertel, ja vermeld dit aan haar dat Ek baie jaloers is **en dus nie graag wil sien dat mense oor ander dinge klets, as oor My nie**.

07] Ek is soos 'n passievolle minnaar wat inluister, ja afluister agter die deur van sy minnares en wat oorloop van vreugde, in die mees verruklike vervoering kom, wanneer Hy sy geliefde hoor, wie vir Hom so dierbaar is, en wie oor niks anders so liries kan raak as oor Hom nie; maar ook onmiddellik verdrietig word sodra sy minnares se gesprek lei na ander dinge wat niks te doen het met haar minnaar nie, waarna die hartseer minnaar dan op sy beurt begin dink en vir homself sê:

08] "O My innigste geliefde, as jy My liefhet soos Ek jou liefhet, **hoe kan daar nog enige ander gedagtes in jou opkom,** terwyl Ek voortdurend aan jou dink en selfs angstig by jou deur wag en smeek om so gou as moontlik binnegelaat te word?

09] Jy sien, My kneg, sê vir haar dit alles as jy My Boodskapper van Liefde wil wees, want dit alles is meer as die vraag: **"Hoe om te bid vir die gestorwenes?**

10] Maar aangesien die vraag al voorheen gevra is, deur 'n geliefde siel, sal Ek jou vertel hoe om vir die gestorwenes te bid.

11] Diegene wat vir die gestorwene wil bid, moet eers weet wie en wat is die "gestorwene", en vervolgens ook hoe en waarom hulle moet bid?

12] Maar die "dooies" is nie net diegene wat van die wêreld geskei is nie, **maar veral diegene wat steeds in die wêreld woon, maar wat in hulle harte gesterf het en geen geloof en Liefde het nie, en daarom werklik dood is.**

13] Kyk, vir hulle **moet jy eers bid met raad en daad**, skynend voor hulle soos 'n son vir die vermoeide swerwers deur sand en woestyn, en hulle verkwik soos die dou wat oorvloedig val op die droë mos van die harde rots - **sodat hulle hul weereens mag bevind in julle as die grensbakens van My Genade** en genees mag word in die mos van My Genade wat My grensbakens reiklik oortrek het.

14] Daar het jy dit, vir wie, hoe en waarom jy moet bid! - Laat jou liefde vir My en jou broers altyd die voornemendste gebed wees. Hoe en waarom, dit sal 'n klein voorbeeld jou duidelik wys:

15] "Kyk, een of ander groot en magtige heerser het in sy kerker 'n paar gevangenes gehad, wat hom lank besig gehou het, omdat hulle **almal arme verleiers** was. Tog kon hy in sy geregtigheid nie die ingegewe wet ophef en hulle dus van die straf vrystel wat die wet hulle opgelê het nie. Maar toe hulle lank genoeg in die kerkers van hervorming weggekwyn het en dus aan die nodige eise van die wet voldoen het, het die heerser besluit om hulle weer vry te laat. Maar hy het by homself gedink, "Ek het ook 'n minnares! Sodat My vreugde volkome kan wees, wil Ek hê sy moet deur iemand anders te wete kom dat daar so baie ongelukkiges in My kerker versmag. Sy het My oneindig lief en het volle vertroue in My; Sy sal sekerlik haastig kom en My met 'n bonsende hart **smeek om genade en barmhartigheid vir die gevangenes.** - En soos die heerser gedink het, so gebeur dit toe.

16 Wat dink jy het die heerser daar gedoen? - Die meester het 'n groot vreugde daarin gevind om sy minnares te wys **hoeveel haar liefde en vertroue kon doen** en het aan sy geliefde die geleentheid gegee het om die vrugte van ware liefde en getrouheid te sien. Maar die gevangenes sal die meester prys wanneer hulle sien hoe **hy slegs deur liefde toeganklik is**, en sal dan self vriende en kinders van die geliefde word, en **daarom ook van sy geliefdes**.

17] Kyk, jy moet op hierdie manier bid – en jy moet nie daaraan dink om My tot barmhartigheid te beweeg deur 'n **louwarm gebed** nie, maar om jou liefde vir My te versterk en My te behaag om daardie rede. Nie ter wille van die gevangenes nie, maar vir jou eie beswil, moet jy vir hulle bid.

18] Maar wat die afgestorwenes betref, geld hierdie

net soveel as vir die "afgestorwenes van die wêreld". - Jy weet nie in watter toestand die gestorwenes hulle bevind aan die ander kant nie. Slegs daarin lê dit nie, maar wel daarin om te weet dat Ek 'n baie groot **Vriend van die Liefde is** en dit ook ewig sal wees en dat **die Liefde goed is vir elkeen**.
19] Kry dan vreugde daaruit wanneer jou kinders vir jou geskenke gee, alhoewel jy goed weet dat die kinders aan jou dit van jou geld gegee het! Des te meer sal dit My behaag as jy doen wat jou kinders doen. En niks minder sal dit ook jou salige oorledenes behaag nie, wanneer hulle ervaar dat hul agtergeblewenes hulle in ware liefde gedenk.
20] Jy sien, dit is hoe dinge werk en dit is hoe julle moet optree as jul waarlik My geliefde Kinders wil wees.
21] Maar jy, My geliefde siel, bid met vertroue, en Ek, jou liewe JaHshua, sal jou nie tot skande laat kom nie. Amen. - Dit sê Ek, jou liewe JaHshua!